

Gereformeerde Kerk Bellville – 11 Februarie 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 105:5, 6 (p. 515)

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.
- 6 Die HEER wat nooit sy waarheid krenk nie, / sal Hy dan nie die eed gedenk nie
aan Isak, in sy trou gesweer? / Hy het dit ook vir Jakob weer
as wet gegee, as bondsbestel / in ewigheid aan Israel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 104:1, 20 (p. 510)

- 1 Waak op, my siel, en loof die HEER! / My God, U is uitnemend seer
verhewe in u majesteit, / U is bekleed met heerlijkheid:
- 20 Ek wil terwyl ek lig geniet, / Gods grootheid sing in psalm en lied.
En die oorpeinsing van my gees – / mag dit Hom welgevallig wees!

Gebed

Psalm 51:4, 5 (p. 261)

- 4 Net soos die lyder, van melaatsheid vry, /verlangend na die teer gemeenskapsbande,
besprinkel word deur priesterlike hande — / onsondig, HEER, onsondig so ook my!
Was my met suiwer water van dié smet / en sneeu in blankheid sal nie witter wees nie.
Laat die gebeent' wat U verbrysel het, / weer in my juig, nie meer verbrysel wees nie.
- 5 Verberg u oog, die vlammelig wat oor / my sonde brand en speur deur al my lede.
Was weg, delg uit my ongeregtighede, / herskep my hart wat wegding uit u spoor.
Gee my opnuut, o HEER, 'n vaste gees, / dat ek nie só weer van u baan mag gly nie!
Laat my voor U tog geen verstootling wees, /en neem u goeie Gees nie weg van my nie.

Skriflesing: Romeine 6:1-14; Heidelbergse Kategismus, Sondag 26

Kernvers: Romeine 6:3-4

**Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy
dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop
in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die
heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.**
(Romeine 6:3-4 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

**Vraag 69: Hoe word jy in die heilige doop daarop gewys en daarvan verseker dat die
enige offer van Christus aan die kruis jou ten goede kom?**

*Antwoord: So: Christus het die uitwendige waterbad ingestel (a). Daarby het Hy beloof (b)
dat ek net so seker met sy bloed en Gees van die onreinheid van my siel, dit is, van al my
sondes, gewas is (c) as wat ek uitwendig met die water gewas is wat die vuilheid van die
liggaam wegneem.*

*(a) Matt 28:19. (b) Matt 28:19; Mark 16:16; Hand 2:38; Joh 1:33; Matt 3:11; Rom 6:3, 4. (c) 1 Pet 3:21;
Mark 1:4; Luk 3:3.*

Vraag 70: Wat beteken dit om met die bloed en Gees van Christus gewas te wees?

Antwoord: Dit beteken om van God vergewing van sonde uit genade te ontvang ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offer aan die kruis vir ons gestort het (a). Verder, om deur die Heilige Gees vernuwe en as lede van Christus geheilig te wees, sodat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe (b).

(a) Heb 12:24; 1 Pet 1:2; Open 1:5; 7:14; Sag 13:1; Eseg 36:25. (b) Joh 1:33; 3:5; 1 Kor 6:11; 12:13; Rom 6:4; Kol 2:12.

Vraag 71: Waar het Christus ons belowe dat Hy ons net so seker met sy bloed en Gees wil was as wat ons met die doopwater gewas word?

Antwoord: Met die instelling van die doop wat soos volg lui: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees ..." (Matt 28:19); en: "Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word" (Mark 16:16). Hierdie belofte word ook herhaal waar die Skrif die doop die bad van die wedergeboorte en die afwassing van sondes noem (Tit 3:5; Hand 22:16).

Tema: Die doop beeld Christus se belofte af en verseker die gedoopte van die belofte

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in die vorige gesprek het die gelowige aan die vraag-steller verduidelik wat die verhouding is tussen die Woord van God en die sakramente

wat God ingestel het. In daardie gesprek het die gelowige ook gesê dat sakramente sigbare en heilige tekens en seëls is. In die volgende gesprekke sal die gelowige die vraagsteller onderrig oor die doop en die nagmaal afsonderlik. Vanaand se gesprek is die eerste een in verband met die doop. In hierdie gesprek gaan die gelowige meer sê oor die instelling van die doop, oor die doop as seël en die betekenis daarvan.

Die doop is nie sommer maar iets wat deur die kerk uitgedink is nie. Die aanloop tot die doop wat Christus ingestel het, lê reeds in die Ou Testament. Die Here het aan Moses verskeie voorskrifte gegee rondom die reiniging van die volk en die Leviëte. Hierdie reiniging het onder andere behels dat hulle hulself moes was of dat reinigingswater op hulle gesprinkel moet word. In aansluiting by hierdie reiniging seremonies het die Jode die proselietedoop bedien.

'n Proseliet is 'n heiden wat tot bekering gekom het en in die God van Abraham, Isak en Jakob geglo het. Hy het dus die Joodse geloof aangeneem. En deel van sy ontvangs in die Joodse geloofsgemeenskap was dat hy gedoop word. Met hierdie doop is die vuilheid van sy heidense lewe van vroeër simbolies afgewas en is hy geheilig vir die Here. Die doop wat Johannes die Doper bedien het, het ook te doen gehad met afwassing. Mense moes hulle sondes bely en gedoop word. Simbolies is hulle sondes ook tydens die doop afgewas sodat hulle in die teenwoordigheid van die Here mag kom. Wanneer Christus die doop instel, sluit Hy by die bekende seremonie aan en maak dit 'n sakrament waarmee die belofte van sondevergifnis afgebeeld en verseël word.

Daarom bely die gelowige: **Christus het die uitwendige waterbad ingestel**. En in antwoord 71 gee hy aan die vraagsteller verwysings uit die Woord waarin Christus belofte het dat Hy gelowiges met sy bloed en Gees wil was. Op grond van hierdie Skrifgedeeltes kan gelowiges vrymoedig sê: Die doop kom van Christus en die Vader af. Die doop is 'n teken om die belofte van God af te beeld en die belofte te verseël.

Die vraagsteller het nou begrip oor die oorsprong van die doop as sakrament. Hy wil nou

eerder by die belofte kom wat in die doop afgebeeld en verseël word. Daarom vra hy aan die gelowige : **Hoe word jy in die heilige doop gewys en verseker dat die enige offer van Christus aan die kruis jou ten goede kom?** Sonder 'n omhaal van baie woorde sê die gelowige: **Christus het beloof dat ek net so seker met sy bloed en Gees van die onreinheid van my siel, dit is van al my sondes, gewas is as wat ek uitwendig met water gewas is wat die vuilheid van die liggaam wegneem.**

Broer, suster en kind, kom ons bekyk die belofte van nader aan die hand van Romeine 6. 'n Mens sal moeilik Romeine 6:1 kan begryp as jy nie Romeine 5 ook lees nie. In vers 1 word daar teruggegaan na wat in 5:20 geskryf is:

Maar die wet het daar bygekome, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword.

(Romeine 5:20 AFR53)

Die wet het lank na Adam en die sondeval gekom. Deur Adam se opstand teenoor God het die sonde in die wêreld ingekom. En toe die wet gegee is, het dit vir die mensdom al duideliker geword hoe sondig hulle werklik is. Daarom sê Paulus dat die wet bygekome het om die oortredinge nog meer te maak. Eers in die lig van die wet besef 'n mens hoe erg sonde werklik is. En wanneer 'n mens besef hoe erg die sonde is, besef jy hoe groot en oorvloedig God se genade is vir hom wat gered is.

Omdat mense moedswillig die Woord verkeerd wil verstaan, het die Heilige Gees Romeine 6:1 geskryf soos ons dit hier lees. 'n Gelowige kan nie aanhou sonde doen en dink die genade gaan vir hom meer word nie. 'n Gelowige is immers vir die sonde dood en kan nie daarin bly lewe nie.

Die vraagsteller vra: Hoe is dit dat die gelowige vir die sonde dood is? Om die vraag te beantwoord betrek Paulus die sakrament van die doop. In baie gevalle is mense in die Nuwe Testamentiese tyd in die water ingedompel wanneer hulle gedoop is. Wanneer die persoon onder die water gaan, is dit 'n sigbare simbool dat die ou sondige mens saam met Christus heeltemal dood en begrawe is. En as die persoon uit die water te voorskyn kom, is dit 'n sigbare simbool dat die gelowige saam met Christus in 'n nuwe lewe opgestaan het. Elkeen wat gedoop word, word so in Christus gedoop.

Met die doop verseker die Heilige Gees elke gelowige van die belofte van Christus. Deur die geloof is hy in Christus ingelyf en omdat hy in Christus glo, is die belofte deur die doop aan hom verseël. Die gelowige se ou sondige mens is saam met Christus gekruisig. Daar op Golgota het hy eintlik al klaar die sonde afgesterf. En hier in die doop verseker die Heilige Gees ons dat dit werklik so is – so werklik as wat water die vuilheid van ons liggame afwas. Luister weer hoe bely die gelowige: Met die doop verseker Christus my dat ek met sy bloed en Gees **van al my sondes gewas is**. Dit het klaar gebeur, want Hy sê: ek is gewas en nie ek sal gewas word nie.

Wanneer gelowiges in Christus se dood gedoop is, is hulle sondes afgewas. Dan is hulle dood vir die sonde. Iemand wat gesterf het, kan tog nie meer sonde doen nie. En in die doop sien en voel die gelowige dat hy saam met Christus gesterf het en opgestaan het. Hy is saam met Christus in 'n nuwe lewe opgewek. En in die nuwe lewe is die sonde nie meer sy baas nie, maar Christus is sy baas en God is sy Vader. Ja, dit gebeur dat gedoopte mense nog sonde doen. Maar die gelowige laat hom nie deur die sonde saamsleep in elke donker hool van boosheid nie, want Christus is sy Here.

Dit is die belofte wat God aan elkeen toesê wat gedoop word en gedoop is. By die doop sê die Here self vir die een wat gedoop word en aan almal teenwoordig: Ter wille van Christus se bloed wat Hy aan die kruis gestort het, belowe Ek om al jou sonde uit genade te vergewe. En Ek belowe om my Gees aan jou te gee wat jou voortdurend nuut en heilig sal maak. By die doop verbind die Drie-enige God Homself aan die dopeling. En van daardie oomblik af is so 'n mens nooit los van God nie. (Natuurlik is kinders wat in die verbond gebore is, reeds voor die doop met die band van die verbond aan God verbind.)

Wat God sê is waar. Hy is getrou aan die belofte wat Hy by die doop aan mense toesê. Daarom kan elke ware gelowige wat gedoop is juig: My doop verseker my dat ek van al my sondes gewas is deur die bloed en Gees van Christus. En in tye van beproewing en twyfel kan 'n gelowige aan die teken en seël van die doop vasgryp. In die doop kan hy die troos

en sekerheid kry dat hy werklik 'n kind van die Vader is en deel het aan die offer van Christus deur die werk van die Heilige Gees. God het immers sy merk van die verbond op die ge-lowige se voorkop afgedruk.

Die vraagsteller begryp nou dat die doop deur Christus ingestel is en hy verstaan die belofte van Christus al in 'n groot mate. Dit is Christus se bloed wat al die gelowige se sondes afwas. En die water by die doop is die teken en seël daarvan. Soos wat water dan die vuilheid van 'n mens se liggaam afwas, so was die bloed van Christus die sondes af. En net so seker as wat water die vuilheid van die liggaam afwas, net so seker was die bloed van Christus die gelowige se sondes af. Maar **wat beteken dit om met die bloed en Gees van Christus gewas te wees**, vra die vraagsteller.

Om hierdie vraag te beantwoord moet die gelowige eers teruggaan na die woord *sondes* toe hy gesê het dat Christus se bloed en Gees sy siel van al sy sondes gewas het. Sondes is twee dinge. Dit is sondeskuld en sondemag.

Sonde is skuld wat die gelowige saam met alle ander mense het. Wanneer 'n mens sonde doen, staan 'n mens skuldig voor God. Hierdie skuld moet gestraf word, want God is reg-verdig. Hy sien geen sonde oor nie. Hieroor het die gelowige al by Sondag 4 met die vraag-steller gepraat. In die doop het God my egter van sy belofte verseker dat Hy ter wille van die bloed van Christus al my sondeskuld afwas sodat ek nie meer voor Hom skuldig is nie.

Sonde is egter ook 'n mag. Die sonde is soos 'n tiran wat 'n mens se lewe beheer. Die Here het mos van Kain gesê dat hy moet waak want die sonde lê en loer vir hom. Elke mens het al in sy lewe agtergekom hoe 'n kragtige mag die sonde is. Jy neem jou voor om nie weer onnodig kwaad te word nie. Maar voordat jy jou kan keer het jy weer ontplof en dinge gesê wat eerder moes gebly het. Ja, selfs 'n gelowige wat gedoop is en van sy sondeskuld skoon gewas is, doen nog sonde. Wanneer die Here 'n mens verlos deur sy Seun wil Hy nie net die sondeskuld afwas nie. Hy wil verder gaan en die gelowige ook van die mag van die sonde bevry. Die verlose mens moet uiteindelik volmaak en heilig wees sodat hy saam met God op die nuwe aarde kan woon.

Teenoor hierdie twee stukke vullis van die sonde – die skuld en die mag van die sonde – bely die gelowige twee beloftes van die Here op die vraag van die vraagsteller. Die eerste belofte is dat die gelowige gewas is met die bloed van Christus. Dit beteken dat **God uit genade die gelowige se sondes vergewe het ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offer aan die kruis vir hom gestort het.**

Christus se bloed verlos dus die gelowige van sy sondeskuld. Omdat Christus die straf op die sondeskuld in die plek van die gelowige aan die kruis gedra het, ontvang die gelowige deur die geloof die vergifnis van God. Gevolglik staan die gelowige geregtig voor God. Op grond van Christus se offer waarin die gelowige sy vertroue stel, is daar niks wat God meer teen hom het nie. Hy is geheel en al vrygespreek van alle skuld.

Die tweede belofte is dat die gelowiges gewas is met die Gees van Christus. Dit beteken dat **die Heilige Gees die gelowige vernuwe en as lid van Christus heilig, sodat hy die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe.**

Deur die kragtige werk van die Heilige Gees verlos Christus die gelowige ook van die mag van die sonde. Hierdie werk van die Heilige Gees is ook die gevolg van Christus se offer aan die kruis. Toe Christus met sy bloed vir die skuld van die gelowige aan die kruis betaal het, het Hy ook die mag van die duiwel en die sonde gebreek. Christus het inderdaad, as die saad van die vrou, die slang se kop vermorsel soos God die Vader reeds in die tuin van Eden belowe het (Gen 3:15).

Wanneer die Heilige Gees dan 'n sondaar deur die evangelie tot bekering bring, bring Hy daardie mens tegelyk ook na Christus en sy kruis. Deur die geloof lyf Hy die bekeerling in Christus in. Die Heilige Gees heilig dus die gelowige as 'n lid van Christus. Hy haal die mens uit die ryk van die duisternis uit en sonder hom van die duiwel af deur hom in Christus in te lyf.

Wanneer die gelowige so deur die geloof in Christus ingelyf is, is die Heilige Gees se werk in die gelowige nie afgehandel nie. Aanhoudend vernuwe die Heilige Gees die gelowige deur die voortdurende verkondiging van die evangelie aan hom. En die vrug van hierdie vernuwingswerk van die Heilige Gees is **dat die gelowige sy sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe.**

Met hierdie verduidelikende antwoord het die gelowige vooruit gewys en teruggewys in die gesprekke met die vraagsteller. Met die laaste deel van die antwoord het hy vooruit gewys na die daaglikse bekering van 'n gelowige. Hierdie daaglikse bekering van die gelowige bestaan uit twee dele. Dit is aan die een kant die afsterwe van die ou mens en aan die ander kant is dit die opstanding van die nuwe mens. Oor hierdie daaglikse bekering sal die gelowige in meer diepte met die vraagsteller gesels wanneer die gesprek by Sondag 33 kom.

Met die laaste deel van die antwoord het hy ook teruggewys na 'n vorige gesprek aan die hand van vraag en antwoord 43. In daardie antwoord het die gelowige gesê watter nut Christus se offer en dood aan die kruis vir hom inhou. Luister net weer wat die gelowige daar geantwoord het: **Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe. Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, maar kan ons onself as 'n dankoffer aan Hom toewy.**

Geliefdes, geloof in Christus en die afbeelding en verseëling van die beloftes van Christus in die doop maak 'n gelowige dus nooit passief nie. Inteendeel, die versekering van Christus se beloftes spoor eerder die gelowige aan om nog meer en meer gehoorsaam aan die Here te lewe. Mag elkeen van ons wat gedoop is en waarlik in Christus glo ook ywerig word om hoe langer hoe meer toegewyd aan die Here te lewe.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 2-4:1, 3 (Sb 33)

- 1 Wat 'n liefde^{en} volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.

- 3 Wie die Midd'laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.
Teen die sonde duur die stryd: / "Sondeⁿ is ongeregtigheid!
Maar ons leweⁿ uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!"

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
11 Februarie 2018